e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

4 Maart 2010
Jaargang 3 – Uitgawe 5

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

'n Kwessie van die middelpunt

Neels Jackson (*Beeld*, 27 Januarie 2010) verwys na 'n onlangse studie wat bevind dat jong, wit Afrikaners se siening oor seks en vloek radikaal verander het oor die afgelope 15 jaar. Die gevolgtrekking word gemaak dat jong Afrikaners besig is *om hul eng konserwatiewe Christelike waardes en norme te ontgroei*. Hulle is steeds Christelik georiënteerd, maar hul persepsies en waarde-oordele oor Christenskap het 'n metamorfose ondergaan.

Terwyl ons graag kennis neem van bogenoemde studie en baie daaruit leer, is daar iets wat my hinder. Wanneer *seks en vloek* gebruik word as primêre meetinstrumente van pro- of anti-Christelikheid, kry 'n mens 'n prentjie van kerk wat só lyk:



Binne die sirkel is almal se waardes en norme reg. Hul huwelike lyk beter as die wêreld s'n, hulle is almal maagde as hulle trou, hulle vloek nooit nie, hulle gee hul tiendes elke maand, hulle hou by die landswette, ontduik nie belasting nie, en doen eerlik besigheid. Dit alles vorm 'n geslote sirkel, dit bepaal wie binne of buite die kerk is.

Dit sou rêrig wonderlik wees as die kerk so kon lyk. Maar dit is nie die kerk wat ons ken nie. Die kerk is inderwaarheid vol Petrusse en Tomasse, ook Maria Magdalenas wat Jesus se stem nie eens herken ná die opstanding nie. Gerben Heitink stel in sy boek *Een kerk met karakter* 'n alternatiewe prentjie van kerk voor wat dalk eerder só kan lyk:



In hierdie verstaan van kerk is daar nie so 'n eenduidige antwoord van wie binne is en wie buite is nie. Wat die middelpunt konstitueer, is nie 'n heilige groepie mense nie, maar die opgestane Christus! Rondom Jesus Christus versamel mense in konsentriese sirkels wat aangetrek word deur die lig, maar tegelyk ook deur die donker van die wêreld. Ons maak soms verkeerde keuses, in die rigting van die donker. Maar dank die Vader dat die lig van Christus ons altyd weer nader trek.

Temas soos *eng konserwatiewe Christelike waardes en norme* en *Christenskap* sê vir my deesdae ál minder. Ek wonder oor die hoeveelheid tyd en energie wat ons bestee om name op lidmaatregisters aan te teken en indelings in wyke te maak jaar in en jaar uit. Bestee ons meer tyd hieraan? Is dit belangriker as gebed, Bybelstudie, koinonia en verkondiging? Ons hou die sirkel in stand. Die ou indeling van mense, naamlik binne-, rand- en buitekerklik, kry vir my ook ál minder waarde. Dit alles lê mense vas op een bepaalde posisie – binne of buite die sirkel. Is dit dalk daarom dat gemeentes binne ons Kerk groei en krimp deur die koms en weggaan van ander Hervormde lidmate? Skyn ons lig dan niks verder as die binnekant van daardie sirkel nie? As dít waar is, moet ons vra of dit nog Jesus Christus is wat in die middel staan. Ek vermoed dat waar mense in die teenwoordigheid van die opgestane Christus self staan, hul lewens noodwendig verander.

Ds Thinus van Staden, Montana

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Ds Jaco Vogel

Ds Richard van der Westhuizen

Beroep ontvang

- **Ds Jaco Vogel** van Heidelberg na Rooihuiskraal

Beroep aanvaar

- **Ds Richard van der Westhuizen** van Zeerust na Tzaneen
- **Dr Frikkie Labuschagne** van Parys na Sasolburg

Dr Frikkie Labuschagne

Ds Frans Marais

Beroep bedank

- **Ds Frans Marais** van Grootvlei na die kombinasie Belfast/Waterval Boven

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Prof Adriaan Neele

- **Di Gerhard Kruger en Anneline Geyer-Matthysen se grootmoeder, mev MEM Geyer**, is op Vrydag 19 Februarie oorlede. Sy sou op 20 April 86 jaar oud gewees het. In die sewe jaar voor ds Gerhard getroud is, het sy ouma by hom ingewoon en as pastoriemoeder opgetree in die gemeentes Cradock, Oudtshoorn en Kampersrus. Meelewing word met die familie betuig.

- **Dr Adriaan Neele**, vroeër predikant van die Nederlandssprekende gemeente Eben Haëzer in Pretoria en tans beroepafwagtend, is benoem as buitengewone professor in die Departement Ekklesiologie van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van die Vrystaat. Hy lewer op Maandag 8 Maart om 18:00 sy intreerede oor die onderwerp *A transitional moment in Theology.*



Di Marius en Jan Kramer

- **Ds Richard van der Westhuizen** neem op Sondag 7 Maart afskeid van Gemeente Zeerust nadat hy die beroep na Gemeente Tzaneen aanvaar het. Hy is in 1990 as diensplig kapelaan in Zeerust georden en in 1991 na Gemeente Zeerust beroep.

- **Prop Marius Kramer** is op Sondag 28 Februarie deur **Gemeente Rustenburg-Suid** ontvang en deur sy vader, ds Jan Kramer, as predikant van die Kerk georden.

Ds Hannes Janse van Rensburg

- **Ds Hannes Janse van Rensburg** en lidmate van Gemeente Zuurfontein besoek die gemeente in **Bulawayo** hierdie naweek.

- **Die volgende predikante verjaar in die komende week,** en word hartlik geluk gewens:

  - Vrydag 5 Maart: Ds Jasper van der Westhuizen
  - Saterdag 6 Maart: Ds Mariaan Delport
  - Sondag 7 Maart: Dr André Botma en ds Deon du Toit
  - Maandag 8 Maart: Dr Johan Steenkamp
  - Dinsdag 9 Maart: Di Koos Engelbrecht, Carl Potterill en Louw van der Linde
  - Woensdag 10 Maart: Di Thomas Dreyer (Wapadrant) en Hardie Kotzé
  - Donderdag 11 Maart: Dr Malan Storm
  - Vrydag 12 Maart: Ds Jaco Dreyer

- Gemeentes word versoek om **nominasies** voor te lê vir die toekenning van ’n **erepenning vir besondere dienslewering** in die Kerk. Die nominasies moet die sekretaris van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) **voor 31 Mei 2010** bereik. Die reglement vir toekenning word intussen elektronies aan gemeentes gestuur. Dit is ook beskikbaar op die Kerk se webblad by die volgende skakel: **http://www.nhk.co.za/index.php?page=home**.

- **Nominasies** vir die toekenning van die **HCM Fourie-erepenning** sluit ook op **31 Mei 2010**.

- Die voorstel vir die **wysiging van Ordereël 4** is aan rings- en ouderlingevergaderings gestuur vir kommentaar. Ordereël 10.1(ii) bepaal dat die voorstel met die gevraagde kommentaar in die agenda van die AKV opgeneem moet word. Daar is nog min kommentaar van ouderlingevergaderings ontvang. Ringskribas moet sekermaak dat die aangeleentheid in agendas vir ringsvergaderings opgeneem word en dat die kommentaar van die ringsvergadering saam met die ander beskrywingspunte die sekretaris van die Kommissie van die AKV **voor 15 Mei** bereik. Die saak is belangrik!

Dr Hennie van Deventer

- Die Kommissie van die AKV het die **Raad vir Pastoraat en Presbiteraat** versoek om by wyse van ’n beskrywingspunt aan die 69ste AKV ’n voorstel in te dien vir die daarstel van ’n **selfstandige Raad vir Presbiteraat** sodat meer aandag gegee kan word aan die werk van ouderlinge. Die Raad onder voorsitterskap van **dr Hennie van Deventer** het sedert die vorige AKV hard gewerk en sal oor verskeie opdragte wat hulle ontvang het beskrywingspunte en voorstelle aan die komende AKV maak.

- Die Kommissie van die AKV sal by sy vergadering op 11 en 12 Maart verskeie finale voorleggings oor **Kerkordewysigings** wat deur die **Raad vir Regsadvies** voorgelê is, behandel. Slegs enkele wysigings van die Raad moet nog by ’n laaste vergadering in April gefinaliseer word. Daar is ook verskeie ander rade wat hul laaste vergaderings voor die finalisering van die agenda van die AKV hou.

- **Gemeente Pretoria-Tuine** beskik oor ’n **vakature vir ’n orrelis**. Die pos is onmiddellik beskikbaar, en die kandidaat moet tydens oggend- en aanddienste optree (aanddienste vind plaas gedurende skooltye tot einde September, uitgesluit Junie en Julie). Daar is ook ’n sanggroep. Vergoeding is volgens skaal. Kontak dr André Botma by 012 460 7768 of **andre.botma@telkomsa.net**, of Clarence Marks by 012 379 6898 of **nhktuine@gmail.com**.

- **Lekkerkerker** is ’n kubertuiste vir jongmense, waardeur die Woord van die Here verkondig en gelowige jongmense van oor die wêreld met mekaar in kontak gebring word. Gaan kyk by **www.lekkerkerker.blogspot.com** en neem deel – dit is die enigste manier waarop hierdie tuiste vol lewe kan raak!

- Gebruikers van die ***Almanak*** moet enige **wysigings** aan inligting asseblief deurgee aan mev Karen Breedt, 012 322 8885 x257 of **karen@nhk.co.za**, sodat dit betyds op die stelsel aangebring kan word. Wysigings wat ontvang word, sal in die *e-Hervormer* gepubliseer word.

  Voorstelle vir en kommentaar oor die *Almanak* kan gestuur word aan die redakteur, ds Kálmán Papp, by **papp@biblesociety.co.za**.



- Die volgende **veranderings** kan nou aangebring word in die 2010-uitgawe:

  - **Bl 12:** Gemeente Venterskroon se adres is nou Posbus 1267, Parys 9585, en hul faksnommer 056 818 1636.
  - **Bl 13:** Die e-posadres van Gemeente Potchefstroom-Studente se sekretariële beampte en skriba vir registrasie is **potchstudente@telkomsa.net**.

- **Bl 25:** Gemeente Volksrust het nie tans ’n sekretariële beampte nie.
- **Bl 25:** Gemeente Heidelberg se sekretariële beampte en skriba vir registrasie is mej (nie mev nie) Dina Moolman.
- **Bl 26:** Orrelis van Gemeente Nigel: **hanneliej@telkomsa.net**.
- **Bl 28:** Gemeente Zeerust het ’n nuwe skriba: Mnr MJ (Mike) Jordaan, 00267 72246865 / **kikuyu@work.co.bw**.
- **Bl 32:** Die telefoonnommer 011 665 5176 by Gemeente Krugersdorp se kerkgebou is nie meer in gebruik nie. Al die ander kontaknommers is korrek.
- **Bl 37:** Die nuwe skriba van die Nederlandssprekende gemeente in Parktown is Ellen van der Kuil. Haar e-posadres is **vdkuil@iafrica.com**.
- **Bl 38:** Al die e-posadresse van Gemeente Boksburg behalwe dié van die voorsitter van die ouderlingevergadering, die voorsitter van die diakensvergadering en die voorsitter van die NHSV verander na **boksburg.b@vodamail.co.za**.
- **Bl 58:** Gemeente Vanderbijlpark se e-posadres is **dtl@absamail.co.za**.
- **Bl 62:** Gemeente Wonderboompoort se kerkgebou is te Mansfieldlaan 624, Eloffsdal. Hul orrelis se nuwe huistelefoonnommer is 012 543 1985. Die NHSV-voorsitter is mev CJ (Janeke) de Bruin, 012 335 0040 / 072 620 4060; e-posadres **cjdb@vodamail.co.za**.
- **Bl 65:** Gemeente Bronkhorstspruit: nuwe e-posadres **nhkbhs@telkomsa.net**.
- **Bl 72:** Mev Kotie van der Merwe van Gemeente Waterberg-Wes is beskikbaar by die landlynnommer 014 717 5477, en nie by 014 715 2442 nie.
- **Bl 87:** Die e-posadres van ds Kobus Pienaar van Gemeente Kruin is nou **ajpienaar1@gmail.com**. Die voorsitter van hul ouderlinge is oudl MJ (Jannie) Hesselink, 011 764 1082 / 082 964 9916 / **jannie@sbhlawyers.co.za**. Die NHSV-voorsitter is mev LEM (Louise) Coetzee, 011 660 4257 / 076 474 2822 / **l.coetzee65@telkomsa.net**.
- **Bl 95:** Dr Jaco Beyers is sedert 1 Maart 2010 net by die volgende e-posadresse beskikbaar: **jaco.beyers@gmail.com** en **jbeyers@telkomsa.net**.
- **Bl 158:** Voeg die ontbrekende inligting in by 1996 De Bruin CJ (Johann): BA(Hons Grieks), BD… Witpoortjie (deelsorg) 1996, Witpoortjie (1998)…
- **Bl 168:** Prof PJT (Theo) Koekemoer se posadres is Posbus 31322, Waverley 0135.
- **Bl 169:** Ds JH (Jan) Prinsloo se woonadres is nou Rusoord-woonstel 20, Kantoorstraat, Lydenburg 1120, en sy posadres is Posbus 3066, Lydenburg 1120. Die selfoonnommer en e-posadres bly onveranderd.
- **Bl 169:** Na emeritaat is ds PR (Philip) Prinsloo se besonderhede nou Posbus 694, Groot Brakrivier 6525, tel/faks 044 879 0061, sel 082 795 2072 en e-pos **prinshuizen@telkomsa.net**.
- **Bl 170:** Ds Wilhelm Steyn se e-posadres is **wilhelmh.steyn@gmail.com**.
- **Bl 170:** Prof Piet van der Merwe se nuwe besonderhede is: Kingfisher Creek 10, Blackwoodstraat, Clubview 0157; Posbus 13194, Clubview 0014; tel 012 751 0812. Die e-posadres bly dieselfde.
- **Bl 171:** Ds MA (Marius) Venter se e-posadres is **maventer@nhk.co.za**.
- **Bl 173:** Mev HM (Hettie) Stoop se besonderhede is: Posbus 70627, Die Wilgers 0041, tel 083 271 9665.

Konserte en dames- en mannebyeenkomste

- **Gemeente Waterberg** hou ’n Boemelaarsaand op **Vrydag 5 Maart**. Dit gaan groot pret wees teen R50 vir ’n heerlike boemelaarsete. Daar is groot pryse te wen vir die bes geklede boemelaar – boemelaarsdrag is verpligtend! Skakel die gemeentelike kerkkantoor by 014 717 3355 vir meer inligting.

- **Gemeente Waterberg** hou ook ’n **Manne-ontbyt** op **Saterdag 6 Maart** met Annemie van Zyl as spreker. Skakel die gemeentelike kerkkantoor by 014 717 3355 om ’n kaartjie teen R60 te bekom.

- **Gemeente Bothaville se NHSV** bied op **Saterdagoggend 13 Maart** ’n **Damestee** aan met Ronéll Erasmus. Kontak Doutie by 056 515 2673 gedurende kantoorure.

- Die naweek van **23 tot 25 April** bied Lindie Gouws van *My World* 'n *Kom in*-konferensie aan vir vroue in samewerking met **Gemeente Gaborone**. Julius Magan sal die lof en aanbidding lei. Kaartjies is P300 of R330. Dit sluit tee/koffie/beskuit en 'n ligte middagete vir Saterdag in, asook ander verrassings. Vrydag 18:00 tot 21:30, Saterdag 09:00 tot 16:00, en Sondag erediens. Vir navrae en besprekings, kontak Sanette Mostert by 00267 714 53499.

- **Navi Redd** tree op **Donderdag 3 Junie** om 19:00 op in die Eeufeessaal, Krugersdorp. Die koste is R50 per persoon, en die fondse is ten bate van die **NHSV hoofbestuur** se **Armoedeprojek**. Kaartjies is beskikbaar by M Fourie, 011 953 1402.

Kampe en toere

- **Via Dolorosa – Paasnaweek 2010 (1 tot 5 April 2010).** Kom deel as gesin in die herdenking van die simboliese kruisiging en opstanding van Jesus Christus. **Selfsorg-kampering** op die plaas Silwerstroom in **Mpumalanga** (geleë tussen Machadodorp, Lydenburg en Belfast) teen R250 per persoon. Kinders tussen 2 en 6 jaar betaal R125. Dagbesoekers kan ook aan die verrigtinge deelneem en betaal R40 per persoon. Die aktiwiteite vir die naweek is soos volg:

  - Donderdag: Aankoms op die plaas en Nagmaalbediening tydens die aanderediens
  - Vrydag: Kruisigingsgebeure en erediens
  - Saterdag: Gesinsaktiwiteite
  - Sondag: Opstandingserediens en lofprysing
  - Maandag: Vertrek vanaf die plaas

  Eredienste gedurende die naweek word gelei deur **ds Jaco Vogel**.

  Vir navrae/besprekings, skakel Christo by 082 554 9653, Annelie by 082 415 2602, of Bernadette by 082 923 7531.

Ander kompetisies en fondsinsamelings

- Aspirantsangers tussen die ouderdomme van 13 en 23 jaar kan deelneem aan 'n **Afrikaanse sangkompetisie** by **Gemeente Ottosdal** op **Saterdag 31 Julie** vanaf 14:00. Die sluitingsdatum vir inskrywings is Vrydag 16 Julie. Die eerste, tweede en derde pryse is onderskeidelik R3 000, R1 500 en R500. Navrae kan gerig word aan Adri Botha by 082 403 5051.

Basaars en markte

- **Gemeente Kaapstad** hou **kosfees** op **Vrydag 5 Maart** om 17:00 te ME Rothmanstraat 29, Parow-Noord (Tygerberg). Gaan ervaar die Hollandse tafel, vetkoeke, pap en wors, kerrie-en-rys, poedings, koektafel, pannekoek, jaffels, ensovoorts. Vir meer inligting, kontak ds Kathleen Smith by 021 551 5264 of 084 792 2715.

- **Gemeente Horison Roodepoort** hou **kermis** op **Saterdag 13 Maart** van 08:30 af. Die saamkuier op hul kerkterrein in Georginiastraat, Horison begin egter reeds Vrydagaand 12 Maart met 'n skaap op die spit. Die koste daaraan verbonde is R40 per persoon. Daar gaan lekker musiek wees en hulle gaan ou bande verstewig en nuwes smee! Saterdag begin hulle die dag met ontbyt. Pret vir die hele gesin – pannekoek, poeding, gebak, worsbroodjies, skyfskiet, 'n buikspreker om die kinders, oud en jonk, te vermaak. Alles wat jy op 'n kermis kan kry, sal daar wees – asook 'n Amerikaanse veiling. Kontak ds David Barnard by 083 441 1789, Jannie Breedt by 082 456 8009, of Pieter van Wyk by 082 579 5104 vir meer besonderhede.

- **Gemeente Waterberg** hou ’n **Arabiese basaar** op **Vrydag 26 en Saterdag 27 Maart**. Almal is welkom om saam te kuier. Kosstalletjies, gebak en speletjies vir die kinders, skyfskiet, ensovoorts. Kamele om op te ry, 8 buikdansers wat Vrydagaand optree – dit gaan ’n basaar wees wat nie gou vergeet sal word nie! Kontak die gemeentelike kerkkantoor by 014 717 3355 vir meer inligting.

ANDER NUUS

- Die **Ondersteuningsraad in Vanderbijlpark** het voor 1 April 2010 die volgende meubels nodig om ’n kantoor vir ’n nuwe maatskaplike werker toe te rus:

  - Lessenaar
  - Boekrak
  - Lessenaarstoel
  - Twee stoele vir kliënte
  - 2 liasseerkabinette

  Kontak Susan Warrington by 016 981 4099.

- Die **evaluering van voornemende teologiestudente** vind by die Universiteit van Pretoria plaas gedurende die **Junie/Julie-skoolvakansie** van elke jaar. Matrikulante asook persone wat reeds gematrikuleer het, kan aansoek doen vir evaluering om as student van die Hervormde Kerk te studeer. Aansoekvorms kan aangevra word vanaf die Administrateur, Kuratorium vir die Teologiese Opleiding, Posbus 2368, Pretoria 0001; e-pos **betsie.brits@up.ac.za**; tel 012 420 5393; faks 012 420 4303. Die **sluitingsdatum** vir inhandiging van volledig voltooide aansoeke is **30 April** van elke jaar.

- Die **volgende vergaderings** vind in die komende week plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Maandag 8 Maart: Redaksie van *Konteks*
  - Dinsdag 9 Maart: Nagraadse Beurskomitee; Kuratorium
  - Woensdag 10 Maart: Direksie van die Kinderhuise
  - Donderdag 11 Maart: Kommissie van die AKV
  - Vrydag 12 Maart: Kommissie van die AKV

ADVERTENSIES

- **Bed en beskuit@bloem.** Gerieflike oornagfasiliteit in Bloemfontein. Naby alles! Tarief: R250 per volwassene en R150 vir kinders onder 12. Skakel 084 436 4958 om te bespreek.

******* Advertensies waarin ’n private individu of instansie die begunstigde is, kan in die *e-Hervormer* geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann by faksnommer 086 630 5153 of **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:
Raad van Finansies, ABSA Bank, Tjekrekening nommer 020-000-287
Takkode 632-005. **Verwysing: SENTIK Ads.**

Kontak mev Oppermann vir meer inligting.

Dié maand in ons publikasies…

Teen die einde van elke maand stuur SENTIK **promosieskyfies** aan gemeentes, met die versoek dat dit voor en/of na die erediens in die kerk vertoon moet word. Ons is jammer om van lidmate te verneem dat die skyfies in talle gemeentes glad nie vertoon word nie.

Die bedoeling met die skyfies is om die lidmate in die erediens se **belangstelling in die kerklike publikasies** te prikkel, want deur die kerklike publikasies word die band tussen gemeentes en lidmate versterk, en leer ons by mekaar. Die skyfies word dus wel aan **predikante en sekretariële beamptes** gestuur, maar die bedoeling is dat **al die lidmate** sal kennis neem van die artikels en berigte wat in die nuutste uitgawes verskyn. Onthou: 'n toename in intekeninge is die effektiefste manier om stygende koste te beperk!

Ons doen dus 'n ernstige beroep op u om die skyfies deel te maak van die gemeentelike afkondigings en dit so dikwels moontlik te vertoon.

Ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx